

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (32/16) (Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 19 Augustus 2016

"Knowledge is an unending adventure to the edge of uncertainty" Jacob Bronowski

TWEEDE CGA SITRUS SUMMIT: 8-9 Maart 2017

Die beplanningskomitee vir die tweede CGA Sitrus Summit (gedryf deur **Standard Bank**) wat van 8 tot 9 Maart 2017 gehou gaan word, het al 'n paar keer vergader om te verseker dat daar na alles gekyk word. **PPECB** is ook aan boord met 'n borgskap, terwyl ander belangstelling getoon het. As jy belangstel om 'n borg te wees, laat my asseblief weet.

Die Summit sal 'n aantal strategiese kwessies wat die bedryf in die gesig staar aanspreek - die idee is om genoegsame tyd vir bespreking en debat toe te laat; sodat afgevaardigdes rigting aan die bedryf kan gee soos dit sy groei voortsit.

Alhoewel die program nog nie volledig is nie – het ons die hoofsprekers bevestig - Professor Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch, lid van die Nasionale Beplanningskommissie (skrywers van die Nasionale Ontwikkelingsplan) sal die eerste dag open as deel van 'n sessie wat na die politieke en ekonomiese uitdagings en geleenthede in Suid-Afrika sal kyk. Parth Ambrish van die Yupaa Groep in Indië sal die tweede dag open met 'n toespraak oor die bemarkingsgeleenthede en uitdagings in die opwindende Indiese mark.

Die afgevaardigdes sal ook rakende die onderwerp van markontwikkeling opvang - sedert de-regulering het land van oorsprong bemarking van Suid-Afrikaanse vrugte grootliks weggeval. Wie se verantwoordelikheid is dit om te verseker dat Suid-Afrika wêreldwyd erken word as 'n produsent van 'n vrugtemandjie wat uitsonderlik is in terme van kwaliteit en verskeidenheid? Wat werk en wat nie? Wie betaal? Dit moet tot 'n interessante bespreking lei.

Onlangs het die Mededingingskommissie terugvoer aan Fruit South Africa gegee rakende watter inligting by bedryfsvergaderings gedeel kan word - dit sal ontrafel word in terme van watter inligting (intelligensie) die bedryf benodig en hoe dit gefinansier, ingesamel en versprei sal word.

Afgevaardigdes sal ook bekendgestel word aan die ontwikkeling van nuwe toetreders tot die sitrusbedryf, wat die CGA Grower Development Company doen om die bemagtiging en volhoubaarheid van swart boere in die bedryf te verseker, en hoe om sukses te meet.

Registrasie kan vanaf 1 September geskied - meer besonderhede sal in latere nuusbriewe volg.

GEPAK EN VERSKEEP

John Edmonds (CGA Inligtingsbestuurder) het 'n besige week gehad met al die fokusgroepe wat vergader het – bo-aan die agenda was die nuutste oesskatting. Dit was 'n baie ongewone jaar - en die pak- en verskeppingspatroon het baie onsekerheid gelaat oor hoe die seisoen sou ontvou. Met 13,2 miljoen kartonne pomelo's wat reeds gepak is, is dit net die suidelike streke wat nog pak; die finale voorspelling is nou op 13,5 miljoen kartonne - 9% hoër as die oorspronklike skatting, maar 16% minder as 2015. Na die aanvanklike verlaging van hul voorspellings, is die Nawaal Fokusgroep nou binne 2% van die oorspronklike skatting. Sagte sitrus se voorspellings is nou 6% hoër as die oorspronklike skatting, met die laat mandaryn variëteite wat nou begin oes word. Die Suurlemoen Fokusgroep se voorspelling is nou aangeteken as 9% minder as skatting - met die meeste markte wat nou 'n tekort aan suurlemoene het, kan dit verander soos markte nog vrugte soek. Die Valencia Fokusgroep het 'n klein afwaartse aanpassing aan hul voorspellings gedoen - nou 11% minder as die skatting. Met 50% van die Valencias wat nou verpak is, sal dit interessant wees om te sien hoe die ander helfte ontvou. Die finale effek van al hierdie veranderinge is dat die totale voorspelling van Suider-Afrika se sitrusoes 6% minder as die oorspronklike skatting gaan wees en 11% minder as 2015 se vlakke.

Tot einde Week 12/8/16 Miljoen 15 Kg kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2014	2015	2016	2015	2016	2016	2016	2015
Pomelo's	14.9 m	15.4 m	13.2 m	13.7 m	12.5 m	12.4 m	13.5 m	16.1 m
Sagte Sitrus	8.7 m	8.5 m	10.5 m	7.6 m	9.2 m	11.2 m	11.9 m	10 m
Suurlemoene	12.7 m	13.6 m	13.7 m	12.9 m	13.2 m	16.1 m	14.6 m	15.1 m
Nawels	23.5 m	22.8 m	24.6 m	20.2 m	22.7 m	25.1 m	24.8 m	24.5 m
Valencias	26.4 m	27.3 m	21.1 m	15.2 m	15.7 m	46.4 m	41.3 m	52.7 m
Totaal	86.2 m	87.6 m	83.1 m	69.6 m	73.3 m	111.2 m	106.1 m	118.4 m